DEEL 115 | WEEK 3 | 20 JANUARIE 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# HONDE HELP MISDAAD KEER

## *Landbougemeenskap gewaarsku om waaksaam, versigtig te wees*

Met die gereelde nuus van plaasaanvalle, is boere uiters versigtigerig en is dit nie vreemd dat hulle alles in hul vermoë doen om hul gesinne te beskerm nie.

Beeldmateriaal het oor die naweek op sosiale media die ronde gedoen van 'n vermoedelike plaasaanval net buite Heilbron.

Corné van der Merwe vertel dat die honde op sy plaas die hele week onrustig was en ook die betrokke aand ongewoon baie geblaf het. Volgens hom het hy en sy vrou, Magda, Sondagaand nie heeltemal hul normale roetine gevolg nie. Hulle het eers 'n fliek klaar gekyk toe die honde om 22:45 weer begin blaf het. “Ek het, soos tydens die vorige kere, op die rekenaarskerm gaan kyk en begin rond swaai aan die kringtelevisiekameras.


Dis tóé wat my oog iets vang wat nie daar moes wees nie. Ek het op die voorwerp gefokus en vier ongenooides gesien sit wat die huis dophou,” het Van der Merwe vertel. Sonder om te huiwer het hy die plaaswag in kennis gestel en alle boere het dadelik tot die aksieplan oorgegaan.

Daar word vermoed dat die vier verdagtes, wat sigbaar gewapen was, moes weet dat beurtkrag enige oomblik sou begin. Op die beeldmateriaal kan daar duidelik gesien word hoe hulle, al kruipend, die plaashuis nader. Hulle het elke kort-kort gestop en gebukkend die werf vir enige bewegings bespied. Van der Merwe het verduidelik dat die verdagtes amper teen die huis was toe hulle skielik vir iets geskrik en laat spaander het. Die plaaswag en die polisie het by die werf opgedaag en dadelik met 'n hommeltuig en ligte begin soek, maar die vier was reeds skoonveld. Wat die doel van die verdagtes se besoek was, bly egter 'n raaisel. Volgens Van der Merwe het hy in Desember al sy vee verkoop en was daar dus nie skape om te buit nie.

"Ek glo ook nie hulle het gekom om voertuie te steel nie. Dan sou hulle nie vier makkers wees nie, maar net een of twee. Ons kan maar net hoop dat hulle wou kom om voertuigbatterye of gereedskap te steel, maar dít verduidelik nie waarom hul dan gewapen was nie," het hy geraai.

Die Van der Merwe-gesin is steeds in skok en op hul hoede ná die voorval. Hulle waarsku ook die boeregemeenskap om veilig en oplettend te wees. Hy het ook van die geleentheid gebruik gemaak om almal te bedank wat vinnig gereageer en opgetree het op hul noodroep.









# SKIN CANCER

*• Heilbron Clinic*

Skin cancer is the most common type f cancer. Most skin cancer is caused by sun damage and occurs on the face, neck and arms where sun exposure is greatest. Light-skinned, blue-eyed people are more likely to develop skin cancer. Dark-skinned people have less risk.

Most skin cancers are non-melanoma skin cancer, which includes skin-cancer, which includes basal cell and squamous cell carcinoma.

Non-melanoma skin cancer is rarely life-threatening. Melanoma is a more serious type of skin cancer. It may affect only the skin, or it may spread (metastasise) to other organs and bones. Melanoma can be life-threatening.

Most non-melanoma skin cancers are easy to treat if they are caught early. Early surgical removal of thin melanomas can cure the disease in most cases.

Skin cancers differ from non-cancerous growths in the following ways:

• They tend to bleed more than non-cancerous growths do and are often open sores that do not heal.

• They tend to be slow-growing. However, melanoma may appear suddenly and grow quickly.

**Prevention**

Most skin cancers can be prevented by avoiding excessive exposure to the sun (including sunlamps). Most damaging sun exposure has occurred by age 20, so keep your children protected. Repeated sun exposure and severe sunburns are major factors in some types f skin cancer.


**Home Treatment**

Examine all areas of your skin with a mirror or with another person's help. Look for unusual moles, spots, bumps, or sores that won't-heal. Pay special attention to areas that get a of sun exposure: hands, arms, back, chest, neck (especially the back of the neck), face, ears, etc. Report any changes to your doctor.

When to call a health professional

Call your doctor if you notice any unusual skin changes or growths, especially if they bleed and continue to change.

If your moles do not change over time, there is little cause for concern. If you have a family history of malignant melanoma, let your doctor know because you may be at higher risk for malignant melanoma. Call your doctor if you notice any of the following "ABCD" changes in a mole or other skin growth:




• Asymmetrical shape: One half does not match the other half.

• Border irregularity: The edges are ragged, notched, or blurred.

• Colour not uniform: Watch for shades of red and black, or a red, white, and blue mottled appearance.

• Diameter: A mole is larger than a pencil eraser. 9harmless moles are usually smaller than this.)

**Also call if you notice:**

• Scaliness, oozing, bleeding, or spreading of pigment into surrounding skin.

• Appearance of a bump or nodule on the mole, or any change in the appearance of the mole.

• Itching, tenderness, or pain.

# HUPPEL TRIPPEL SE WIELE ROL

Die Huppel Trippelklub het vanjaar met 'n knal afgeskop toe 42 lede tydens die eerste byeenkoms vir die jaar opgedaag het. Dit was 'n gulde geleentheid vir ou vriende om te herenig asook om nuwe lede by die klub te verwelkom.

Pastoor Derick de Lange, van die AGS-gemeente op Heilbron, het die jaar met 'n geesvervullende boodskap uit Psalm 23 geopen. Met sy kitaar as begeleiding, het hy 'n paar liedjies gesing en die klublede het hartlik met hom daarin gedeel.

Die oggend is oudergewoonte met koek en tee afgesluit.

Vir die program van 31 Januarie word "'n musiekvasvra met 'n kinkel" beplan. Alle belangstellendes word hartlik na die geleentheid uitgenooi.




*Op die foto bo: 42 lede wat aandagtig luister na pastoor Derick. Foto regs: Pastoor Derick de Lange.*

# Uitdiepen: Week 3 van 2023



Ons het 'n pragtige vrou, Ennie, wat al vanaf einde 2018 een keer per week ons huis kom skoonmaak. Sy het die ander dae van die week by 'n besigheid, nie ver van ons nie, gewerk. Met die pes van 2020 het haar werkgewer haar afgedank. Ons het, soos baie ander besighede, haar salaris betaal totdat die lockdown opgehef is en almal weer uit hulle se gate kon kruip.

Met genoeg toiletpapier tot in 2045.

Wanneer sy swaar kry, het ons gehelp waar ons kon.

Een mooi dag vertel sy dat sy nou 'n vrywilliger is wat elke oggend met die skoolbus skool toe ry: sy kyk na die dissipline op die bus. Gelukkig darem net laerskoolkinders, maar steeds. Na drie maande, sê sy, kan sy dalk aansoek doen vir 'n permanente buspos.

Sy ry dus met die bus skool toe, bly die hele dag daar, en kom weer per bus terug. Drie maande is nog nie verby nie, toe sy weer een Saterdag by ons kom werk: Sy het 'n permanente pos gekry! Die skoolhoof het haar by die skool gesien en haar laat aansoek doen om te help met die voedingskema van die skool. Sy gaan dus vir die kinders kook. Weereens: sy ry met die bus werk toe, kook kos en ry weer met die bus terug. Terselfdertyd kan sy 'n oog oor haar graad 2-dogtertjie hou.

Saterdag kom sy moedeloos by ons aan: Sy kan nie verstaan hoekom graad 2-kinders so baie goed nodig het nie. Die skool verskaf boeke, maar daar is 'n lys so lank soos die Nylrivier oor alles wat die graad 2-dogtertjie nog nodig het. Onder andere 36 potlode. Regtig? 36 potlode. As jy twee per week gebruik, behoort jy nog tot en met Valentydsdag die volgende jaar 'n paar oor te hê. En nie net sommer HB-potlode nie. Nee, dit moet van 'n spesifieke (duur) soort wees. Twee permanente kokipenne. Hulle sê daar is twee goed wat jy van 'n kind af weghou: die ouma en die skêr. Volgens my die kokipenne ook. Iedergeval.

Nog 'n hele lot van daardie rooi gomstiffies. Nie ander gom nie, daai rooi gomstiffies. Wat so vreeslik duur is. En nog baie ander goed.

Ek ry na 'n winkel toe wat ek weet billik is (lees: regtig goedkoop!) en gaan koop die hele kaboedel vir die vrou. Siestog, sy is ook nie van die bes betaalde nie, alhoewel dit beter met haar gaan vandat sy die kookwerk by die skool gekry het.

Met my sak skryfbehoeftes in die kar, vee ek eers die sweet af, want dit is hitsig in Pretoria. Ek stop gou by die Spar.

Toe ek instap, is daar 'n ou oom voor my. Daardie regte-egte gentlemen ou ooms. Die oom het sy blinkgeskrykte swart langbroek aan, netjiese wit hemp en sy skoene is skoon. Hy loop stadig voor my tot by die kosrakke.

Ek skiet links verby, kry my goete en slaan 'n lyn op pad na 'n kasregister. Die oom staan voor my in die ry en is besig om kreunend af te buk. Sy bakkie gesnyde waatlemoen het geval en die deksel is oop.

Ek buk af en tel dit vir die oom op. (Ek hoop iemand gaan dit eendag vir my ook doen. Vir nou buk ek darem okeyerig.)

Voor die oom staan 'n middeljarige Indiërman in die ry. Hy sien dat die oom bewerig sy drie items op die toonbank sit om te betaal.

Indiërman: "Voeg dit by my rekening. Gaan haal net eers vir hom nuwe waatlemoen."

Die ou oom kyk verward. Hy sal sommer daardie stukkies waatlemoen eet, en dit betaal.

Indiërman: "Nonsens. Gaan haal vir hom nuwe waatlemoen, ek betaal daarvoor."

Die een vrou gryp die bakkie en sit af na die vrugterak toe.

Ek bars in trane uit. Rukkerig probeer ek die trane binnehou, maar dit sukkel. Die Indiërman sien my raak, en ek wys vir hom: Baie dankie!

Ek huil nogsteeds vir die mooi gebaar en die oom wat so waardig is toe ek in my kar klim.

By die huis gekom, sit ek die sak skryfbehoeftes neer en roep vir Ennie.

"Kom kyk of dit reg is."

Ek pak die inhoud uit en merk die Nylrivierlysie af.

Ennie slaan haar hande saam en bars in trane uit. Sy omhels my en huil en druk my en huil en huil nog. Ons huil later altwee saam.

Al wat ek die hele tyd hoor is: Dankie, Here, dankie, Here.

Want dit is 'n voorreg wat van die Here af kom.

Wat my laat dink het aan die les van hierdie week.

Daardie Indiërman was 'n iemand vir iemand anders. Die oom se inkopies het sekerlik nie eers R 80 gekos nie. Maar daardie man het besluit om 'n oom te help.

Ons skryfbehoeftes was ook nie so duur dat ons vleisbegroting vir Januarie uitgeput is nie (ja, ons kan sekerlik nie nou Wagyu bekostig nie, maar ons kon nog nooit nie – so honger was ek nog nie). Maar ek was iemand vir iemand

Wat van jy probeer om hierdie jaar, selfs al is dit net een keer, vir enige iemand 'n iemand te wees? Dalk 'n iemand wat met geld kan help, iets aankoop vir iemand anders wie dit nie kon bekostig nie. Dalk vir iemand 'n guns doen, vir wie jy dit nog nooit wou doen nie.

Dalk kan jy net hierdie jaar na iemand luister, iemand wie niemand het nie. Miskien kan jy 'n ou oom oor die straat help of sy pakkie optel wat geval het. Dalk kan jy net vir iemand glimlag of 'n simpel grappie maak. 'n Aanraking gee waar iemand so graag weer 'n vel naby hulle wou voel.

Dit gaan niks aan jòù doen nie, maar dit gaan 'n blywende indruk op iemand anders maak.

Les twee vir die jaar: Wees 'n iemand vir iemand.

Jy verander dalk daardie persoon se ingesteldheid of die manier wat hulle oor en van mense dink.

Jy weet nooit.

# NAG SONDER KRAG

Met die onluste wat amok saai in Parys en Kroonstad oor watertekorte en swak dienslewering kan mens nie help om te wonder of Heilbron dieselfde paadjie sal stap nie. Met beurtkrag wat tans op vlak vyf is en die onvoorspelbare veranderinge, asook die watertekort as gevolg van beurtkrag, sit besigheidseienaars met hul hande in die hare. Heilbron sukkel al sedert Saterdagaand met water en dit lyk nie asof dinge gou gaan verbeter nie. 'n Anonieme inwoner van Heilbron vertel om sonder krag te sit vir ȟ uur of twee is doenbaar, maar om sonder water en krag te sit, is nag. Pieter Pienaar, bestuurder van die OK Grocer op die dorp, vertel dat hul munisipalerekening tydens beurtkrag dieselfde gebly het, ten spyte van die feit dat hul dieselrekening amper net so hoog soos die munisipalerekening is. Hy verduidelik dat hy nie graag die bedrae wil bekend maak nie, maar dat dit wel ȟ aansienlike hoë bedrag is.

Netwerk- en selfoonopvangs is ook 'n groot probleem tydens beurtkrag en volgens Pienaar het dit 'n negatiewe invloed op die winkel se kaartmasjientjies.

Gedurende Oktobermaand moes die OK Grocer twee groot kompressors vervang wat as gevolg van beurtkrag skade gely het. Nog 'n anonieme sakeman van Heilbron sê dat hy nie oor beurtkrag wil praat nie en dat dit hom "net moerig maak".

Beurkrag beïnvloed nie net besighede nie, maar ook die landbousektor. Volgens 'n mediaverklaring vanaf Vrystaat Landbou (VL) bedreig beurtkrag tot 25% van Suid-Afrika se stapelvoedsel-oeste. Tans word daar geraam dat tot 'n kwart van die land se mielies besig is om op besproeiingslande te verlep. Volgens die voorsitter van VL se Kommersiële Sakekomitee, Kempen Nel, is die mielieplantseisoen tans in 'n kritieke stadium. “Die aanplantings het baie water nodig, maar spilpuntbesproeiingstelsels kan nie werk nie as gevolg van onbetroubare kragvoorsiening. Verder staar groot finansiële verliese die aartappels-, soja, vrugte- en neutbedrywe in die gesig. Al dié gewasverbouings is afhanklik van besproeiing. Beide die beskikbaarheid en stygende koste van elektrisiteit om voedselsekerheid te beskerm, noop landbouers om hul eie oplossings te oorweeg. Dit bly egter 'n duur en onpraktiese uitdaging omdat rugsteunkragvoorsiening tot 10 keer duurder as Eskom se krag is. “Besproeiingsboere is veral van die elektrisiteitsvoorsiener afhanklik omdat groot pompe en ander hoë verbruiktoerusting baie groot en onbekostigbare batterykapasiteit vereis.



# JEZZ HAIR LAAT KOPPE DRAAI

Jessie Claasen, 'n energieke jong haarkapster vanaf Reitz, open een van die dae haar deure vir die publiek in Heilbron.

Sy het in Frankfort grootgeword en haar skoolloopbaan aan die Bethlehem Voortrekker Hoërskool voltooi.

Daarna het sy haar droom om 'n haarkapper te word in Potchefstroom gaan najaag en haar kursus aan die Hair Academy of South Africa voltooi.

Nadat sy haar kwalifikasies suksesvol ontvang het, het sy in Amerika op 'n skip gaan werk en hope nuwe ondervinding opgedoen. Jessie het teruggekeur na Suid-Afrika en besluit om 'n Salon in Reitz te open. Vir vier jaar het sy dáár 'n suksesvolle salon bedryf voordat sy die liefde van haar lewe, Johann Claassen van Heilbron, ontmoet het. Die paartjie is onlangs getroud en woon nou in Heilbron waar Jessie dan ook 'n salon gaan open.

Sy is baie goed in haar werk en Wella Professionals South Africa het al 'n paar keer van haar foto's gebruik om hul produkte op sosiale media te adverteer - 'n ware pluimpie in haar kapsel.

# BESOEK KRYGS-GEVANGENEKAMP NA 123 JAAR

■ *Tom Watson*

Erin Watson, jongste dogter van Abri en Ria Watson van Heilbron, het hierdie week ‘n besoek gebring aan die dorp Diyatalawa, Sri Lanka, destyds Ceylon, waar die krygsgevange boere heen gestuur is gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902.

Hoewel sy nie die juiste terrein kon besoek nie vanweë dié nou omskep is vir militêre opleiding, was die ervaring, volgens haar spesiaal.

Die emosie het hoog geloop om te dink dat haar grootgroot-oupas, A T Watson (52 jaar van Winburg dorp), G F Rautenbach (39 jaar van die plaas Inhoek Fouriesburg) en J P du Plessis (27 jaar van die plaas Lakensvlei, distrik Dewetsdorp), dáár aangehou is.

Daar was bykans 5000 boere krygsgevangenes wat deur 1000 Britse soldate opgepas is.

Volgens rekords was al drie die boere gevangene geneem by Surrender Hill in die Fouriesburg-distrik.

Erin vertel hoe sy gedink het aan die gesinne daar waar hulle en hul kroos in konsentrasiekampe in Suid-Arika agtergebly het.

Waar trane gestort word wat nie oor wange loop nie. Dit was hul deel wat hul bygedra het teen gulsigheid vir diamante, goud en mag.

Ter afsluiting wonder sy wat hulle sou dink as hulle moes weet: jare later waardeer een van hul kleinkinders steeds dít wat hulle moes deurmaak. Dít is vir haar baie spesiaal.

Die lewe verwag van elkeen van ons die verantwoordelikheid van die liefde.




*Tyd en kuns was in oorvloed vir die 5000 krygsgevangenes! Groot-oupa Watson, ‘n wamaker van beroep, het verskeie artikels uit hout gekerf. Op die foto is die handvatsel van ‘n kierie waarop sy naam, geboortedatum, "gemaak in Diyatalawa, Ceylon 14-1-01" met been ingelê is. Die 122-jarige kierie het reeds 3 geslagde oorleef.*



*Foto regs: Erin Watson het reeds haar graad aan PUKKE voltooi in Internasionale Handel en Landbou en studeer nou aan die Hons. Graad in Ekonomie dit terwyl sy ‘n beroep beoefen as lugwaardin by ‘n internasionale lugvaartmaatskappy.*


TELWIEDRE-VOERE

**VACANCY**
**Maintenance Artisan: Fitter / Boilermaker**

**We are currently seeking a highly-skilled, reliable, self-motivated Maintenance Artisan: Fitter / Boilermaker to join our growing team. In this role, you will respond to all service tickets, perform routine maintenance, and provide infrastructure upgrades as needed. To succeed in this position, you will be an independent, competent, and thorough professional who takes great pride in their work and is committed to safety.**

**Requirements and Qualifications**

1. Minimum qualifications: Grade 12 & Trade certificate with N2.
2. 3 years' appropriate experience.
3. Computer literacy.
4. Driver's licence.
5. Able to work independently with little supervision.
6. Willing to work after normal working hrs as it is a 24/7 plant.
7. Ability and willingness to follow all legal and company safety regulations.
8. Outstanding problem solving and critical thinking skills.
9. Able to utilize hand tools and power tools.

**Duties and Responsibilities**

1. Ensure adherence to health and safety, environment, quality and housekeeping in section.
2. Apply fault-finding techniques, conduct root cause failure analysis and regular plant inspections.
3. Clean, maintain and repair mechanical parts, components and equipment.
4. Conduct regular plant and steel structures inspections.
5. Carry out workshop fabrication, equipment assembly and installation.
6. Complete breakdown and preventive maintenance work orders, create subsequent notifications, and provide feedback on work performed.
7. Attain and maintain relevant licences and authorisations required to execute allocated duties e.g. Basic Rigging, Working at Heights.
8. Maintain all equipment in excellent working order.
9. Perform preventative maintenance to stay ahead of potential issues.

**CLOSING DATE: Thursday, 26 January 2023**

THOSE INTERESTED:-
**Email your written resume/application to: admin@telwiedre.co.za, ASAP**

AFMA

# BRONNIES SE TOP 5



***Graad 4:*** *1. AC Zitzke 93,25%, 2. Amé Naude 92,50%, 2. Henry Weilbach 92,50%, 4. Jano Crafford 92,25 5. PL Snyman 91,50%*



***Graad 5:*** *1. Elne du Plooy 96,50%, 2. Elizma Meiring 86,83%, 3. Caitlin Rietchard 85,67%, 4. NJ Mocke 84,17%, 5. Amor J van Rensburg 83,83%*



***Graad 6:*** *1. Riëtte Steyn 94,17%, 2. Elzeri Combrink 92,67%, 3. Elsene vd Merwe 91,50%, 4. Lisa Rheeder 91,33%, 5. Chrizette Greeff 83,00%*



***Graad 7:*** *1. Gerrit du Plooy 89,50%, 2. Lee-Anne Viviers 82,66%, 3. Ernest Scheepers 80,83%, 4. Jannie Els 79,33%, 5. Cheree J van Rensburg 78,83%*



***Graad 8:*** *1. Noeline Gavin 84,44%, 2. Aljane Zitzke 83,67%, 3. Chanelle Els 82,11%, 4. Danelri Mocke 75,44%, 5. Rikus Bronkhorst 74,11%*



***Graad 9:*** *1. Franco Roos 81,89%, 2. Cariska J v Rensburg 77,78%, 3. Sumari Steyn 73,44%*



***Graad 10:*** *1. Johanri Pretorius 86,78%, 2. Carli Rochat 83,89%, 3. André Viviers 83,78%, 4. Kayla Bosman 82,11%, 5. Zelmari Zitzke 77,33%*



***Graad 11:*** *1. Michaela Grobler 82,17%, 2. Motsilisi Semela 81,14%, 3. Madaleen de Beer 75,71%, 4. Anel Meneses 70,86%, 5. Joanike Els 70,71%*



***Graad 12:*** *1. Robinho van Schalkwyk 80,57%, 2. Wessel Steyn 78,57%, 3. Stean Lategan 78,00%, 4. Beanke Nagel 70,57%*

# HITTE KON TRAPPERS NIE KEER

Om 140 km in 'n Vrystaatse hittegolf met 'n bergfiets af te lê, sit nie in enigeen se bene nie. Tog het 'n handjievol fietsryers gewys dat geen bult te hoog is om dít te vermag nie.

Saterdag, 14 Januarie, het die jaarlikse Heilbron Mini-Epic (HME) plaasgevind.

Vanjaar se roete het by Donsveertjie Gasteplaas en Venue begin, oor die grondpaaie na Oranjeville gestrek en weer by Donsveertjie geëindig.

Die uitdaging is deur 50 fietsryers van onder meer Heilbron, Frankfort, Petrus Steyn, Vanderbijlpark, Johannesburg en Pretoria aangepak.

Almal het te minste die eerste 70 km na Oranjeville op die saal voltooi en net 'n brawe 17 het vir die volle terugtog kans gesien.

Hulle is bygestaan deur 'n hele aantal ondersteuningsvoertuie, wat toegerus was met water, ys, koeldranke en ander energiehappies.

"Die waterpunte en voertuie met ys op die roete was beslis 'n hoogtepunt," vertel Elzaan Rautenbach. "Dit het mens sommer weer woema gegee om in die verseggende hitte te kon voorttrap."

Volgens Burger Combrink, bestuurder van een van die ondersteuningsvoertuie, het temperature op die grondpad rondom 37°C gedraai terwyl die warmste temperatuur, 40°C, op die teerpad gemeet is.

"Om kuier-kuier saam met vriende deur die Vrystaatse vlaktes te swoeg en te sweet," is vir Jozann Germishuys 'n jaarlikse hoogtepunt.

Bart Kruger stem met haar saam: "Fietsry is 'n heerlike spansport en die kameraadskap tussen die trappers is onbeskryflik."

Van die elemente wat die trappers liefs sou wou vergeet, was die verseggende hitte, die padvark op die roete, die "busongeluk" waartydens 'n groep trappers oor mekaar geval het en die agterstewes wat nog tot Woensdag maar effe gevoelig was.

Tog was almal dit eens: "Volgende jaar maak ons weer só!"

**Interessante HME-feite:**

- Vanjaar was die 8ste HME
- Jozann Germishuys, oudleerder van die Hoërskool Heilbron, het aan al agt uitdagings deelgeneem
- Dit is die eerste keer wat Oranjeville as omdraaipunt besoek is
- Drie sussies het vanjaar aan die HME deelgeneem: Annari Combrink (70 km), Sunet Kruger (140 km) en Elzaan Rautenbach (140 km)
- Die jongste deelnemer was Susan Fourie, 'n gr.9-leerder van Frankfort. Sy het 70 km voltooi
- Die oudste deelnemer was Altus Muller (70 jr.), 'n deeltydse boer van Heilbron. Hy het 140 km met sy E-bike voltooi• Verskeie trappers neem later vanjaar aan die CapeTown Cycle Tour (die ou Argus-fietswedren), deel



***VOORTRAPPERS:*** *Altus Muller (links) en Sunet Kruger neem 'n blaaskans tydens Saterdag se bergfietsuitdaging na Oranjeville.*



***DIE ROOI BUS IS HIER:*** *'n Groep fietsryers neem 'n blaaskans by die waterpunt tussen Oranjeville en Heilbron.*



***LANG PAD LÊ VOOR:*** *Fietsryers het Saterdag by Donsveertjie Gasteplaas en Venue weggespring tydens die jaarlikse Heilbron Mini-Epic-uitdaging.*



***AMPER DAAR:*** *Neels Claasen (links) en Warren Pieterse kom by die waterpunt aan op pad na Oranjeville.*



***HEILBRON MINI-EPIC-TRAPPERS:*** *50 fietsryers en 12 ondersteuners het Saterdag die pad grondpadlangs na Oranjeville aangepak vir die jaarlikse Heilbron Mini-Epic.*

# WELKOM NUWE REITZ-MAATS



*Die dag wanneer die nuwe skooljaar afskop, gaan altyd met groot opgewondenheid gepaard. En by die Hoërskool Reitz was dit ook nie anders nie. Die skool het verlede Woensdag al hul nuwe en ou leerders hartlik terug verwelkom. Die graad 1's was oudergewoonte die skool se eregaste tydens die saalopening en uit die aard van die saak het saal behoorlik uit sy nate gebars. Elke graad 1-maatjie het die geleentheid gekry om die skoolhoof te ontmet en dít het gesorg dat elke leerder sy of haar skoolloopbaan stralend begin.*

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

In die boedel van wyle **GABRIEL DU PLESSIS VENTER, Identiteitsnommer 4611075066 084,** getroud, van Du Plessisstraat 18, Petrus Steyn, Provinsie Vrystaat, wat oorlede is op 1 Junie 2021.
**BOEDELNOMMER: 010927/2021**
Krediteure en Debiteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal by die kantoor van die ondergetekendes binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae gereken vanaf datum van publikasie hiervan.
**CORNE BOSHOFF PROKUREURS**
**KERKSTRAAT 12, POSBUS 595**
**FRANKFORT, 9830**
**TEL: 058 813 1068/75**
**FAKS: 058 813 1128**
**E-POS: ESTATES@CLBLAW.CO.ZA**
**VERW: BV006**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer No. TE35847/2004 passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **AUPA WILIAM MOKONE,** in respect of certain ERF 185, **KWAKWATSI, KOPPIES DISTRICT, FREE STATE PROVINCE** which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Koppies on 17 January 2023.
**APPLICANT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**26A CHURCH STREET**
**KOPPIES**
**056 777 1884**
**koppies@corven.co.za**


GET YOUR CHAIR
ICE HIGHBACK CHAIR
2 year warranty
Swivel & Tilt mechanism
Chrome base with pu armrest
Black net and fabric
Weight limit 120Kg

Herald Office National
WAS R2300
NOW R2099
VAT INCLUSIVE
(while stocks last)
finance@heilbron.co.za




HUIS TE HUUR
2 Slaapkamerhuis te huur @ R4 000 per maand.
**Kontak 058 852 1397**
*(Tydens Loadshedding is telefoon af)*
**Skakel asb tydens kantoorure.**



HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**



Herald
Office National
HERALD OFFICE NATIONAL
A2 DESKPADS @ R25 EACH
IN STOCK NOW!!

058 852 3033


# DIENSTE - DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R


# SMALLS


BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R








**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
VISSERVRAAL


Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Hendie Lötter*
Tel: 058 852 3033 | heraldnuus@heilbron.co.za

**HOU HEILBRON SKOON**

**WINKELURE**
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30 | **SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


PitStop vir JESUS
Alles of Niks!
Datum : 11 Februarie 2023
Tyd : 14:00 – 20:00
Plek : NG Kerk Suid
Saal Heilbron
Toegang en ete gratis!
Danie Lodder kom met ons gesels oor geregtigheid.

Bespreek asb by:
Tanya 083 975 8264
Alet 060 518 1775








POSTNET HEILBRON
CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za


# GEKLASSIFISEERD



**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**
***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078

POSTNET HEILBRON

HERALD Sport



# BOERE KAN ROL

Die afgelope Donderdagaand was dit omtrent 'n "boerejol" by die rolbalklub. Boere het gerol en gejol maar die kompetisie was kwaai. Gottenburg Elande het gerol vir 'n eerste plek terwyl Kliprivier se boere net so kortkop agter gebly het. Dit was egter Vechtkop 1 se span wat nie sommer die aftog wou blaas nie en daar is behoorlik "gevecht" om die derde plek.

So al vegtende het al 14 spanne hul plekkie op die podium verower.

Komende Donderdagaand, die laaste aand van die kompetisie, gaan twee wedstryde gespeel word om uiteindelik die kampioen van kampioene te bepaal.

Geen kompetisie kan gespeel word sonder 'n lekker eetdingetjie nie. Die dames, met die hulp van die manne, het weereens watertand ribburgers voorsien.

Jan Braai kan maar gerus hiér by die manne kom kersopsteek.

Dalk moet die rolbalbestuur dit oorweeg om 'n uitdaagwedstryd te reël tussen die eerste vier spanne van die Besigheidsliga en die eerste vier spanne van die Boereverenigingsliga?

Die afgelope naweek is daar ook 'n oefenkamp by Bethlehem se rolbalklub gehou vir Noord-Vrystaat se provinsiale spelers.

Heilbron is deur Tracy Jacobs en Hannalie Claassen verteenwoordig

Hierdie oefenkamp is aangebied onder lyding van Theuns Fraser, voormalige hoofafrigter van die nasionale span en tans tegniese beampte, asook Heilbron se Rudi Jacobs, voormalige elite-afrigter van die nasionale span.

Waardevolle afrigting deur hierdie twee bekwame afrigters is aan die spelers oorgedra wat beslis sal bydrae tot spelers se toekomstige welslae en prestasies.

# NELLIE VROEG REEDS OP DREEF

Die Desemberbreek was goed vir Johan Nelson, een van die Heilbron Gholfklub se ouer lede. Hy wen Saterdag se kompetisie met 36 punte. "Die speltoestande op die baan is nie maklik nie, maar met bofhoue wat in die skoonveld eindig, kan jy in die pryse wees," was sy kommentaar



vanaf die wennerspodium. Willem van Schalkwyk en RJ Muller was tweede en derde met 30 punte elk.

Die Jokerdraw skop ook eerskomende Vrydagaand af met 'n geldpot van ongeveer R6 000. Die eerste borgdag van die jaar word op 28 Januarie gehou.

# HEILBRON VS SHARPEVILLE

Heilbron het Sharpeville met 5 paaltjies geklop in hul onlangse wedstryd tydens die T35-reeks.

Danksy goeie boulspel deur Pieter Baan met vier paaltjies vir 35 lopies en KB Molefe se drie paaltjies vir 35 lopies, is Sharpeville se kolwers tot 181 lopies beperk.

'n Uitstekende reaksievangskoot, deur Armand Smith op glip, het Heilbron se puik veldwerk vir die dag 'n hupstoot gegee. Heilbron se kolfbeurt het goed begin met Smith wat 'n goeie 32 lopies aangeteken het. Daarna het die lopies bly inrol. Teen die einde het Baan die wenlopies aangeteken. Hy het 33 lopies, onoorwonne, van net 16 aflewerings geslaan. Heilbron pak dié naweek Sasolburg aan op die Hoërskool Heilbron se veld. Die wedstryd begin om 13:00. Alle Heilbroners word uitgenooi om die manne te kom ondersteun.


ANTRIO
Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 23 JANUARIE 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 24 JANUARIE 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

WOENSDAG - 25 JANUARIE 2023
REITZ Twee-weekliks veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
SASOLBURG: CJ ROSSOUW
250 Beeste
11:00, plaas Alfresco, Sasolburg
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DONDERDAG - 26 JANUARIE 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VENTERSDORP: DALENBERG LANDGOED
Staak boerdery veiling
Beeste en implemente
11:00, plaas Klerkskraal, Ventersdorp
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

VRYDAG - 27 JANUARIE 2023
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

P & V
Potgieter & Vennote

VAKATURE: JUNIOR & SENIOR PERSONEEL

Verantwoordelikhede
- Data vaslegging
- Prosessering van data en rekonsiliasies
- Kantooradministrasie (liasering, tydstate byhou)
- Opstel van finansiële state
- Indien van belastingopgawes

Vaardighede sal voorkeur geniet:
- MS Office (Excel, Word)
- Rekenaarvaardighede
- Goed georganiseerd en gefokus
- Goeie menseverhoudinge en kommunikasie
- Akkuraatheid van werk
- Afrikaanssprekend

Aansoeke sluit 23 Januarie 2023

Adres: Breëstraat 23, Heilbron, 9650
CV: jurie@jupotgieter.co.za
Navrae: Kontak Jurie by 058 85 23001
CA(SA)